**AFRIKAANS HUISTAAL**

**GRAAD 7**
**TYD: 1½ UUR** **TOTAAL 70**

---

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LEESBEGRIP** | **[15]** |
| **AFDELING B:** | **TAALSTRUKTURE** | **[35]** |
| **AFDELING C:** | **LITERATUURSTUDIE** | **[20]** |

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

*The Good Lie*
Drama
* * *




Die fliekplakkaat laat dit lyk asof Reese Witherspoon die spil is waarom *The Good Lie* draai. Maar dan, wanneer Witherspoon eers sowat 40 minute later haar opwagting maak, besef jy dis dalk ’n foefie van die regisseur, Philippe Falardeau, om ’n hupstoot by die loket te kry.

En Witherspoon kwyt haarself boonop goed van haar taak as die vurige Carrie Davis wat ’n klompie Soedanese vlugtelinge help om in Amerika werk te kry.

Die verhaal draai om Mamere, Theo, hul suster Abital en die twee “broers” wat hulle later bykry, Jeremiah en Paul. Die bloederige burgergoorlog in Soedan, wat sowat twee dekades lank gewoed het, het hulle wees en dakloos gelaat. Hulle sluit aan by die duisende ander “Lost Boys” (seuns en meisies) wat te voet na Ethiopië vlug en in ’n vlugtelingkamp in Kenia beland. Theo, die oudste, maak ’n reuse-opoffering om sy broers en suster se lewens te red – iets waarmee veral Mamere sukkel om mee saam te leef. Jare later word Mamere, Abital, Jeremiah en Paul vir hervestiging in Amerika gekies.

Die eerste toets kom wanneer hulle hoor Abital word na Boston gestuur, en sal nie by hulle in Kansas City kan aansluit nie. In Kansas aangekom, ontmoet hulle vir Carrie. Carrie sal later meer en meer by hul lewens betrokke raak. Sy laai die broers by hul nuwe woonstel af, waar hulle vir die eerste keer met elektrisiteit, tandeborsels en beddens te doen kry. Van telefone wat lui weet hulle niks, so die eerste paar keer sien ons hoe hulle om die tafel saamdrom en na die ding staar. Die eerste aand word die matrasse op die vloer gegooi.

Een van die broers pluk selfs skerpgemaakte takkies uit sy broeksak waarmee hy sy tande borsel, al is daar ’n splinternuwe tandeborsel tot sy beskikking. Só begin hul ontdekkingsreis en dis onmoontlik om nie deur hul verhaal geraak te word nie. Die draaiboekskrywer, Margaret Nagle, het fiktiewe karakters geskep, maar hul stories is op werklike gebeure gegrond. Die vyf akteurs, die eintlike sterre van die fliek, is Soedannees en van hulle se lewens is erg daardeur geraak. Hulle speel oortuigend. Falardeau kry dit reg om ’n donker prentjie van die lewe in Soedan te skets, sonder om te veel op die slegte beelde staat te maak. Die vyf se aanpassing in Amerika het ook minder rooskleurige gevolge. Vir mense wat gesien en ervaar het wat hulle het, kan dinge tog nie vlot verloop nie.



Anél Victor

Tydsduur: 110 minute
Ouderdomsbeperk : 13OL

**VRAE:**

1. Verskaf ’n sinoniem vir “foefie” (par.1) sodat dit in die konteks van die sin inpas. (1)
2. Reese Witherspoon verskyn op die fliekplakkaat van *The Good Lie.* Wat bedoel die skrywer van die leesstuk as sy sê die regisseur wou hiermee “’n hulpstoot by die loket kry”? (1)
3. Hoeveel <u>jaar</u> het die burgeroorlog in Soedan geheers? (1)
4. Wat is die betekenis van “wees en dakloos gelaat’ in paragraaf 3? (1)
5. Wat is die Soedannese se eerste toets tydens hul hervestiging in Amerika? (1)
6. Noem <u>twee</u> gewoontes van die broers om te staaf dat hulle nie aan die moderne lewenswyse gewoond was nie. (2)
7. Kies die korrekte antwoord:

7.1 “Fiktiewe karakters” is in die fliek gebruik. Wat is die betekenis van die woord “fiktiewe” in die gedeelte.
- 7.1.1 dit is nie opgemaak nie
- 7.2.2 regte
- 7.3.3 denkbeeldige

7.2 Hierdie leesstuk is die beoordeling van ’n nuwe fliek in ’n koerant. Wat word so ’n kritiese leesstuk genoem?
- 7.2.1 koerantberig
- 7.2.2 resensie
- 7.2.3 koerantartikel (2)

8. Verskaf 'n frase uit paragraaf 5 wat daarop dui dat die broers se aanpassing in Amerika nie maklik was nie. (1)
9. Wie het die leesstuk geskryf? (1)
10. Mag jy die fliek gaan kyk? Motiveer jou antwoord. (2)
11. Verskaf 'n woord uit die leesstuk wat dieselfde beteken as:
11.1 iemand wat gevaar ontwyk en veiligheid soek
11.2 oorlog tussen partye van een volk. (2)

[15]

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE



### Vraag 1

Skryf die woorde wat 'n **akuut- en gravisteken** benodig op jou antwoordstel en bring die nodige teken aan:

1.1 Ek hoor jy gaan appel aanteken teen sy vonnis.
1.2 Dit is die beste storie wat ek nog van die creche gehoor het. (2)

### Vraag 2

Rangskik die woorde tussen hakies in **chronologiese volgorde** en skryf die korrekte sin neer.

2.1 Die redenaars praat (om 19:00 / elke week / saans) in die skoolsaal. (1)

### Vraag 3

Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**:

3.1 Gee asseblief vir my 'n fliekkaartjie vir *The Good Lie*.
3.2 Ek wag nog vir Jean voor die teater. (2)

### Vraag 4

Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**:

4.1 Jennie het gesê: "Ons het gisteraand die fliek, *The Good Lie*, gesien. (2)

### Vraag 5

Skryf die volgende sin in die **direkte rede**:

5.1 Joan vra vir Edwin of hy die volgende dag na Amerika vertrek. (2)



**Vraag 6**

Hulle sluit aan by die duisende ander “Lost Boys” (seuns en meisies) wat te voet na Ethiopië vlug en in ’n vlugtelingkamp in Kenia beland. Theo, die oudste, maak ’n reuse-opoffering om sy broers en suster se lewens te red – iets waarmee veral Mamere sukkel om mee saam te leef.

Bogenoemde is ’n gedeelte uit die leesbegrip. Verklaar die volgende:

6.1 die **aanhalingstekens** by “Lost Boys”,
6.2 die **hakies** by (seuns en meisies)
6.3 die **kommas** by Theo, die oudste,
6.4 die **aandagstreep** by lewens te red – iets waarmee (4)

**Vraag 7**
Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm**:

7.1 Reese het die hoofrol in die nuwe film vertolk.
7.2 Theo maak ’n reuse-offering om sy broers en susters se lewens te red.(2)

**Vraag 8**
Identifiseer en benoem die **deelwoorde** in die onderstaande sinne:

| **Bv.** | **Deelwoord** | **Tipe deelwoord** |
|---|---|---|
| | brandende | teenwoordige/onvoltooide dw. |



Ons het stokkies in die veld gaan optel en bondeltjies daarvan gemaak. By die huis gekom het ons die bondeltjies weer met ’n geslypte mes losgesny en ’n groot vuur gemaak. Die vuur het egter buite beheer geraak en Luc en Paul was onverskrokke helde toe hulle die vuur probeer blus het. (4)

**Vraag 9**
Maak ’n sin met die **homoniem** van ys in:

9.1 Ek gooi **<u>ys</u>** in my koeldrank om dit koud te maak. (1)

**Vraag 10**
Sê of die volgende sinne **enkelvoudig, saamgesteld of veelvoudig** is:

10.1 Hy haal ’n pen uit en sy teken die reisdokumente.
10.2 Hulle is verlede week vinnig in Amerika hervestig. (2)

**Vraag 11**
Wat beteken die onderstreepte **voor- en agtervoegsel** in die volgende woorde:

11.1 hulpeloos
11.2 bevraagteken (2)

**Vraag 12**
Beantwoord die volgende vrae ten opsigte van die onderstaande sin **(sinsontleding):**

**Terwyl die son sak, klim die vlugtelinge op die groot straler.**

12.1 Skryf die voorwerp neer.
12.2 Skryf die bywoordelike bysin van tyd neer.
12.3 Skryf die gesegde neer. (3)

**Vraag 13**
Benoem die onderstreepte **woordsoorte** volledig:



13.1 Die manne **lyk** goed en reg vir die rugbyseisoen.
13.2 Die manne lyk goed en **reg** vir die rugbyseisoen.
13.3 **Hoe** oefen 'n professionele span?
13.4 Dawie Snyman en Johan Kriek is die **twee** hoofafrigters.
13.5 Dawie Snyman **en** Johan Kriek is die twee hoofafrigters.
13.6 Die rugbyspan werk **baie** hard vanjaar.
13.7 Die rugbyspan werk baie hard **vanjaar**.
13.8 Die maande **voor** die seisoen begin, oefen die spelers. (8)
[35]

## AFDELING C: LITERATUURSTUDIE
## SWEEF EN ANDER VERHALE




1. Watter woord in die flapteks dui daarop dat daar 'n wisselwerking tussen die verhale is? (1)
2. Waar verskyn die titelverhaal gewoonlik in die boek? (1)
3. Waarom is dit vir Heinz so belangrik dat hy dieselfde dag as Stan Lee verjaar in die verhaal **"Sweef"**? (1)
4. Op watter spel is Denver se plan gebaseer? (1)
5. In **"Jana se selfoon"** het Jana 5 honde in haar honde-stapklub. Verskaf twee eienskappe van Broef-Broef. (2)
6. Die aanval van die groot swart hond in **"Jana se selfoon"** is lewensgevaarlik, veral vir Marmite. Hoe slaag die skrywer daarin om dit nogtans humoristies te laat klink? (1)
7. Watter twee dinge haat Tiaan se ma in **"Is my ma 'n ruimtewese"**? (2)

8. Watter bewyse voer Tiaan aan vir die volgende eienskappe van sy ma:
8.1 sy het superstembande
8.2 sy kan uitsonderlik goed hoor
8.3 sy weet wat hy in sy kamer doen. (3)

9. Die seniors en mnr De Bruyn stereotipeer Lize as ’n tipiese blondine in **“Hoërskool suig”.** Dink jy hul siening is geregverdig? Motiveer jou antwoord met twee bewyse uit die verhaal. Bv., ja, en 2 bewyse of nee, en 2 bewyse. (3)

10. Noem twee ooreenkomste van **“Hoërskool suig”** en **“Sticks and stones”**. (2)

11. Wie was die redder in **“Hoërskool suig”**? (1)

12. Waar is die hoogtepunt van **“Sticks and stones”**? (1)

13. Watter tipe beeldspraak kom voor in: “links sluimer die grys-en-wit skoolgebou”? (1)

[20]